# God in jou verhoudings:

# Gesonde of Perfekte Huwelik

**Louis du Piesanie 19/05/2019**

## 1. VERWAGTINGE

**1.1.** Ons moet ons verwagtinge ten opsigte van huwelike aanpas.
**1.2.** Ons moet besef dat dit nie moontlik is om 'n perfekte verhouding te hê nie, maar dat dit wel haalbaar is om 'n gesonde een te hê.
**1.3.** Ons kan nie verwag dat ons man of vrou vir ons iets moet gee wat ons net by God kan kry nie.
**1.4.** Jou eggenoot kan jou nie uitsorteer nie.

## 2. KOMMUNIKASIE

**2.1.** Kommunikasie is 'n belangrike deel van 'n gesonde huwelik.
**2.2.** Dit is belangrik om oop en eerlik met mekaar te wees.
**2.3.** Kommunikasie veroorsaak soms konflik, maar dit is 'n goeie ding. Konflik wys waar daar areas in ons huwelik is waaraan ons kan werk.
**2.4.** Konflik moet gekonfronteer word anders kan dit 'n wig tussen mense bring.

## 3. DIE HUWELIK IS 'N LIED WAT ONS SAAM SING

**Kolosense 3:12-15 "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle <u>meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig</u> en <u>verdraagsaam</u> wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar <u>liefhê</u>. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar."**

**3.1.** **Meelewend:** Dit beteken dat jy besluit om by jou man of vrou te bly al verander hulle nie. Jy aanvaar hulle soos hul is.
**3.2.** **Goedgesind:** As jy goedgesind is teen oor iemand dan is jy lojaal, betroubaar en standvastig.
**3.3.** **Nederig:** Die teenoorgestelde van nederigheid is trots en trots sê dat jy net in jouself vertrou. Nederigheid maak ons openhartig en dan laat ons ander mense in ons lewens toe.
**3.4.** **Sagmoedig:** Sagmoedigheid beteken dat jy jou plek in 'n verhouding soek, verstaan en dan intree.
**3.5.** **Verdraagsaam:** Wees **VERDRAAGSAAM en aanvaar mekaar** net soos julle is. En vergewe mekaar net soos Jesus ons vergewe het, onvoorwaarlik.

**3.6.** **God se liefde:** God se liefde bind ons aanmekaar. Daarom is die belangrikste verhouding in ons lewe ons verhouding met God.

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Na aanleiding van die boodskap, kom jy agter dat daar dalk onrealistiese verwagtinge is wat jy op jou eggennot plaas?
2. Vermy jy konflik in jou huwelik? As ja, hoekom dink jy vermy jy dit?
3. Watter van die eienskappe genoem in punt 3 (meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig, verdraagsaam, God se liefde) dink jy kan jy meer op fokus in jou huwelik?